DEEL 117 | WEEK 37 | 12 SEPTEMBER 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Shoprite amptelik oop vir besigheid

Na meer as 'n dekade van vriendelike diens en toewyding tot die Heilbron gemeenskap, neem ons afskeid van die OK Foods-tak wat al lank 'n instelling op die Langmark straat ingang van die dorp was. Vir weke was almal onseker, tog opgewonde oor watter supermark ons in sy stede kan verwag.

Gerugte was volop, tot die span van die Shoprite-groep binne etlike dae na die amptelike sluiting van OK Foods alle onsekerheid opgeklaar het deur met indrukwekkende groot rooi letters op die gebou "SHOPRITE" spel sodat almal sonder twyfel kan sien dat dit nie iets anders is nie.

Meer indrukwekkend as dit, is die feit dat hulle al Saterdag, 6 September, die nuwe Shoprite LiquorShop oopgehad het vir besigheid, waarna hulle die daaropvolgende Maandag amptelik die supermark gedeelte open tot almal se genot. Met die nuwe voorkoms en vloeruitleg, was almal teenwoordig behoorlik aan die gons en opgewonde oor die laer pryse op 'n nuwe, wyer verskeidenheid produkte om van te kies en te keur.

In 'n vinnige onderhoud tussen die skare met nuwe takbestuurder, Mnr. Thabo Letlela, oorspronklik van Sasolburg, noem hy dat hy graag die gemeenskap van Heilbron wil bedank vir hulle ywerige ondersteuning tydens die opening van die nuwe Shoprite tak. Hy voeg ook by dat hulle doel as Shoprite, is om die gemeenskap te bemagtig deur meer werksgeleenthede te skep, sowel as om meer besparings aan die verbruiker oor te dra in terme van hul maandelikse inkopies.

Die groter Heilbron-omgewing sien uit na dit wat die toekoms van Shoprite op Langmark straat bied en wens hulle alle voorspoed toe.

Eenstop Agri
"Gedryf deur boere, gebou vir groei."
WINKEL OPEN BINNEKORT
Hou die spasie dop !
• Draaiwerke
• Skare
• Staal
• Bearings
• Kettings
• Hidroliese Pype
• Hidroliese Silinders
& vele meer
058 880 0200 • 072 447 7446
Hoek van Kerk - en Luyt Straat, Heilbron

HIGH FERT HF KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Selfverdediging nie meer geldige rede vir vuurwapenlisensie-aansoeke.


Dit word tans moeiliker om ‘n vuurwapen wettig in Suid-Afrika te kan besit. Onder andere om suksesvol aansoek te kan doen vir ‘n vuurwapenlisensie, word individue vereis om eerstens ‘n wettige Suid-Afrikaanse burger ouer as 21 jaar te wees, waarna dit deel van die prosedure is om opleiding deur ‘n geakkrediteerde vuurwapeninstansie te verkry om sodoende te kan kwalifiseer vir ‘n vaardigheidsertifikaat. Ander vereistes is ook ‘n behoorlike kluisfasiliteit en dat jy vir elke vuurwapen wat jy mag besit, ‘n afsonderlike lisensie moet uitneem. Aansoeke hiervoor kan by enige plaaslike polisiekantoor gedoen word.

Sowel as die vereiste dat aansoekers geen misdaadrekord mag hê nie, moet motivering ook ingedien word vir elke vuurwapen waarvoor aansoek gedoen word. Dit maak aansoeke vir plaasboere aansienlik moeiliker juis omdat hulle vuurwapen lisensiëring wil bekom om hulself te kan verdedig, tydens die aangesig van gevalle waar dit etlike ure mag neem voor wetgewing op moontlike gevaar gevalle opdaag.

Dikwels is die klagte dat daar nie polisie voertuie beskikbaar is om na die voorval uit te gaan nie.

Die verwydering van selfverdediging as moontlike motivering in die aansoek vir ‘n lisensie sal ‘n besliste impak op landelike beveiliging hê.

POSTNET
HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30
Saterdae:
09:00 - 12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006



# Uit die Pen:

## Week 37

Op ‘n mooi dag land ons vlug op Charles de Gaulle lughawe in Frankryk. Twee onderwysers en drie graad agts. Ons is op pad terug vanaf Engeland waar ons ‘n ander skool besoek het.

Muzi, een van die graad agts, vergeet sy pakkie in die vliegtuig. Geen probleem, dink ek, kom ons stap gou terug en gaan haal jou pakkie in die vliegtuig. Onthou, ons volgende vlug vertrek oor 2 ure. Ek en Muzi stap weer die vliegtuig binne en kry sy pakkie. Op pad uit, keer die lughawepolisie ons voor. Wat het ons so pas in die vliegtuig gedoen? Ek sê, ewe braaf, dat ons Muzi se pakkie gaan haal het.

Ons moet saamkom na die polisie se kantoor. Lang storie kort: ek het ‘n verklaring geteken waar ek verduidelik waarom ons die vliegtuig weer binne gegaan het. In Frans. Asof ek ‘n woord *ge- parlez-vous français* het. Ek het niks verstaan wat ek moet teken nie. Maar tot dusver het InterPol my nog nie gesoek nie. Daarom dink ek dat dit veilig is.

Trane het van Muzi se wange gerol. Wat as ons ons vliegtuig gaan verpas? Gaan ons hier in die tronk bly?

Ek was nogal heel kalm. Dalk het ek gedink dat hierdie ‘n lekker avontuur is. Die punt van die ondervraery, het ek later agtergekom, was om te kyk of die sekuriteitsmaatskappy hulle werk doen. Hulle moes gekeer het dat ons terugkeer vliegtuig toe. Toe ek alles geteken het, noem ek dat ons vlug gaan vertrek. Gaan ons hier bly? Nee, sê die man met die uniform. *Hol* net agter ons aan.

So hardloop ek, Muzi en twee offisiere vliegtuig toe: een offisier voor ons en een agter ons. Ons los die ry en gaan dadelik die vliegtuig binne. Veilig!

Die ander dag het ek ‘n amper soortgelyke ondervinding gehad.

Ek het vanaf OR Tambo na Kaapstad Lughawe gereis. By die inweeg (van my tas, nie van my nie), onthou ek dat ek ’n klein sakkie in my handsak het met kopseerpilletjies, keelpilletjies, teensuurpilletjies en ’n haadtangetjie (ons ken dit as ’n tweezer). Ek stop gou, sommer so halfpad na die toonbank toe, om die klein sakkie in my reistas te sit.

Hulle weeg my tas, en daar gaan hy op die vervoerband. Is daar enige skerp voorwerpe in jou handsak? Nee, gelukkig nie meer nie.

Ek vat my instapkaartjie en loop na die vertreksaal. Daarna moet jy in die lang sigsag ry gaan staan om deur doane te gaan. Daar moet jy jou belt afhaal, sou jy een dra. Jou handsak kom in een plastiese houer om deur die x-strale te gaan. Jy moet jou rekenaar uit sy tas haal, en dit gaan apart van die rekenaartas deur die x-strale. Aan die ander kant gekom, vra die dame of ek skerp voorwerpe in my handsak het?

Nie volgens my wete nie. Wel, pak dan uit.

En ek pak my handsak uit. Beursie, sneesdoekies, ses weke terug se winkelstrokie, iemand se visitekaatjie, lipsalf. En ’n vurk.

Ja, ’n vurk.

By die werk is daar altyd ’n tekort aan vurke. Toe besluit ek om my eie vurk saam te dra, vir ingeval ek een nodig het.

Dit klink verdag baie soos die baas wat vir die blondine gesê het dat sy ’n lepel in haar broek se agtersak moet dra. Sodat sy haar dinges kan roer, want sy werk baie stadig.

Maar nee, my vurk was bloot net omdat daar ’n tekort is.

Terwyl ek my goed terugpak in die sak, hoor ek iets val. Dit klingeling op die vloer. Dis ’n goue ring, lyk soos ’n man se trouring. Ek tel dit op en kyk rond. Ek sien ’n man so ses meter van my af. Ek los al my goed daar (nadat hulle my vurk gekonfiskeer het) en hardloop so vinnig as my seer been my kan dra, agter hom aan.

Meneer! Meneer! Hy kyk verward om. Hy is seker gewoond daaraan dat mense hom “meneer” noem.

“Is hierdie dalk joune?” Hy kyk dadelik na sy linkerhand en sien dat dit inderdaad sy ring is. Ek gaan weer terug na waar my handsak en rekenaartas is, neem my juk op en gaan soek die hek waar ek moet wag vir die vliegtuig.

In die vliegtuig ruk ek die laaste een van Jeffrey Archer se Clifton Chronicles uit. In die boek gaan een van Clifton se vennote Nigerië toe om ’n saketransaksie te beklink. Die Nigeriërs besluit op die laaste nippertjie dat hulle nie die kontrak gaan onderteken nie, en die man is terug in die vliegtuig, op pad Engeland toe.

By doane gekom, vind die Engelse heroïen in sy handbagasie. Uiteindelik is dit die lugwaarding wat deur iemand omgekoop is om dwelms in sy tas te plant.

By Kaapstad aangekom, verloop alles klopdisselboom. Die bussie kom haal ons en by die hotel maak ek my tas oop.

Ek het al my toiletbenodighede in drie verskillende sakkies gepak.

Al drie die sakkies is oopgemaak. So ook die klein blikkie babapoeier. In die ander sakkie is die gesigpoeier oopgemaak en oop gelaatstaan. Die ander sakkie se vogroombuisies is oop.

*Jimmel*, dink ek. Hulle het my seker op die kameras gesien, vandat ek die haartangetjie in my tas gedruk het, die vurk in my handsak en toe hol ek nog agter ’n vreemde man ook aan.

Ek wens ek weet op hoeveel kameras ek was. Het hulle my gesien toe ek skelm op plekke gekrap het waar mens nie in die openbaar krap nie? Dalk in my neus? Het hulle gesien hoe ek my gesig trek toe ek iemand se boodskap op my foon lees? Dalk het hulle my liggaamstaal gelees toe daar ’n ongeskikte mens verby my loop.

Ek het gevoel hoe dit moet voel om amper skuldig te wees.

# BKB LENTE TUINBOU DAG

Met die winter wat so lank gevoel het, voel almal nes hul geliefde plante, ook opgewonde oor die vernuwing wat die nuwe seisoen bring.
Dis by die Hartklop teetuin en kwekery waar groen vingers met ‘n gemeenskaplike passie vir tuinbou, bymekaar gekom het om die lente oggend saam te kuier en luister na tuinbou deskundige en verteenwoordiger van ProTek, J.G. Linde en Danie Knoetze van BKB.
Hulle kundigheid het die seminaar baie innemend gemaak vir dies teenwoordig, juis omdat hulle geweet het hoe om almal se tuinbou probleme aan te spreek met nuttige wenke en oplossings vir die kranige tuinier.
Aan die einde van die aanbieding was almal verras om te hoor dat hulle aan ‘n vinnige vasvra eksamen moes deelneem, waar gelukkiges weg kon stap met geskenke geborg deur BKB en ProTek. Vir diegene nie so gelukkig om ‘n geskenk te kon wen nie, was daar tog ‘n goodie bag op elkeen se stoel en baie heerlike verversings verskaf deur eienaar van Hartklop, Marlene Agenbag, om na die kuier te geniet met vriende.





# Bek-en-Klouseer tref Heilbron

Na aanloop van verlede week se berig oor die bek-en-klouseer uitbreek in gebiede rondom Heilbron, sou dit seker net ‘n kwessie van tyd wees voor dit ons oewers tref. Vir weke was voorvalle rondom Heilbron aangemeld in, onder andere: Edenville, Deneysville, Frankfort en Petrus Steyn.

Die eerste gevalle van besmetting vir die Heilbron gebied was wel die afgelope naweek amptelik eers aangemeld.

Wat van belang mag wees, is dat bek-en-klouseer hoogs aansteeklik is, maar nie oordraagbaar is na mense nie. Lewendehawe wat vir vleis doeleindes geteel word, mag geslag word, mits dit by slagpale is wat aan die wetsvereistes voldoen en onder goedgekeurde praktyke geskied.

Die suiwel industrie word wel die hardste getref, omdat die siekte die meeste skade aan melkproduksie rig as gevolg van onherroeplike skade aan koei spene. Boere en plaasgangers word beveel om streng ontsmettingspraktyke by in-en-uitgangspunte toe te pas, sowel as besmette diere te kwarantyn om verdere verspreiding te bekamp. Inentings is reeds begin.




HERALD WINKEL-URE

**Maandae tot Donderdae:**
07:30 - 17:00

**Vrydae:**
07:30 - 16:30

**Saterdae:**
08:30 - 13:00

Herald
Office National

Elsstraat 44,
Heilbron, 9650

Tel: 058 852 3033

E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za



# Unsafe School Buildings Put Pupils at Risk While Government Delays Continue

The Democratic Alliance (DA) will urgently write to the Free State Department of Education to demand an immediate plan of action to address the unsafe conditions at Sandersville Combined School. Learners cannot continue to suffer because of the department's endless delays in finalising procedural and tender issues.

DA councillors Robert Ferendale and Joseph Mbele conducted an oversight visit to Sandersville Combined School, where the main building was declared unsafe in August last year and subsequently closed off. Since then, learners and teachers have been forced into mobile classrooms. However, these mobile units are in a shocking state, with broken windows and doors, exposing children to freezing conditions throughout the past winter. With the rainy season approaching, pupils now face further risks of illness and prolonged absence from schooling.

The Department's failure to act, places the health and education of learners in danger. It is unacceptable that children's lives and well-being are disregarded while bureaucratic processes drag on. The department has confirmed that the tender process for refurbishments is still ongoing, but learners cannot be expected to endure these conditions any longer.

The DA will continue to hold the department accountable until urgent interventions are made, and we will monitor progress closely to ensure that Sandersville learners are provided with safe and dignified learning facilities.







Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

# Sukkelende matrikulante, neem kennis

Die is ongelukkig nie 'n kennisgewing om akademiese steun te bied nie, maar eerder 'n hulpmiddel vir die wat sukkel om 'n metgesel te kry vir die opkomende matriekafskeid seisoen te bekom.

Verbeel jou jy moet die persoon op wie jy in die geheim verlief is, uitvra om jou te vergesel na die hoogtepunt van jou skoolloopbaan. Vir baie is die blote gedagte daarvan vreesaanjaend genoeg om alles net so te los en eerder TV by die huis te kyk; maar die dogters van C&N Sekondêre Meisieskool Oranje in Bloemfontein, Celeste Owen en Gillian Breytenbach, het gelukkig 'n oplossing!

Hulle het aanvanklik te werk gegaan vanaf die Instagram-profiel, "Op My Date", wat geskep is om matrikulante met potensiële metgeselle in die Bloemfontein area in kontak te stel, maar vroeër die jaar 'n stap verder ontwikkel deur dit



in 'n amptelike toep, nl. "Saam", te omskep wat matrikulante van regoor Suid-Afrika verbind.

Tot dusver het hulle suksesvol 29 matriekafskeid –paartjies opgelewer met die "Op My Date" instagram formaat en glo dat hulle meer suksesse met die Saam-toep sal hê.

Besoek slegs die webtuiste https://saamsocial.co.za/ om 'n profiel te skep, met die enigste vereiste dat intekenaars 18 jaar en ouer is en in 'n wettig geregistreerde skool is.

Leerders sal steeds self die praatwerk moet doen, maar die Saam-toep vergemaklik dit vir leerders met sosiale angs om 'n eendersdenkende metgesel uit ander dorpe se slaaie te krap.

# Hoërskool Heilbron se leerders presteer tydens Kunswedstryd



*Foto links: Christene Volschenk behaal 'n A++ in Gedramatiseerde Poësie. Mooi so Bronnies!*



*Luca en Elan Lesch het aan die Vereeniging Kunsfees deelgeneem en albei 'n A+ in Afrikaanse Poësie verwerf.*

# Wilgies vier byna een en 'n halwe eeu!

Frankfort is geleë op die oewer van die Wilgerivier en gestig op 5 Mei 1873, met mnr J.F. Fourie as die eerste burgemeester. Nadat rondgaande onderwysers kinders onderrig het, het mnr John Brebner (inspekteur) die eerste staatskool geopen in September 1878. Die eerste onderwyser en skoolhoof was mnr H Wiggens en mnr Geo During, onderskeidelik, met die skool geleë waar die huidige stadsaal is. Gedurende die Anglo Boere-oorlog is die skool saam met die kerk afgebrand en in 1913 word die nuwe skool, op die huidige terrein gebou. Op 27 Junie 1941 word die hoeksteen van die skoolsaal gelê. In 1965 verander die skool se naam van Frankfort Hoërskool na Hoërskool Wilgerivier en die skoollied word gekomponeer deur prof. Benedictus Kok.

Na aanloop van die behoefte aan 'n koshuis, ontstaan die Eeufeeskoshuis, wat in 1938 voltooi word. Die naam is te danke aan die eeufeesjaar ter herdenking aan die Groot trek in 1838. In 1969 brand die koshuis af en word herbou, waar dit tans gebruik word as die dogterskoshuis.

Op 14 November 1964 is die Wilgehof seunskoshuis gebou, waar ons koshuisbrakke steeds vandag hul tuiste vind. Die koshuis is geleë by die G.J. Burgers sportgronde, met 'n gras atletiekbaan, twee rugbyvelde, agt netbalbane, agt tennisbane en die indrukwekkende H.B. Swart Sportkamer. Daar is in 2025 selfs 'n padel-baan opgerig vir die ganse Frankfort gemeenskap.

In 1993 is daar vir die eerste keer meer as 600 kinders van Gr 1 tot Gr 12 in die skool aangemeld en ons domineer die netballiga op nasionale vlak deur die SA kampioenskappe te wen en verskeie nasionale netbalspelers op te lewer. SA atlete en rugbyspelers, sowel as top akademiese presteerders in die Vrystaat is steeds nie ongewoon vir ons boereskooltjie nie! Hier werk ons hard in stilte en laat sukses vir ons praat! Die suksesse van ons skool is eintlik ongehoord as daar gekyk word na leerdergetalle.

Die landbougemeenskap van Frankfort ondersteun ons skool en belê op volhoubare wyse in ons kinders, sodat ons skool 'n baken van hoop is wat nie net oorleef nie, maar floreer!

Ons skool lewer deurentyd die beste uitslae in die Fezile Dabi onderwysdistrik en wen gereeld sportligas waaraan ons deelneem. Onderrig en opvoeding vind steeds trots in Afrikaans plaas



*Hoogtepunt van Hoërskool Wilgerivier se verjaarsdag. Mnr Hennie Pelster sny die Wilgies se spesiale verjaarsdagkoek en deel dit met Mnr Pieter Meyer en Juf Reinette Burgers wat albei die Wilgies verlaat aan die einde van die jaar.*

en ons bevind ons op die voorpunt van akademiese uitnemendheid.

Ons leer ons kinders om deelnemers te wees en Christelike waardes te beoefen in die wedloop van die lewe, sodat elkeen 'n ware Wilgie-wenner kan wees!

# Huppel Trippel besoek die Great Barrier Reef



Dinsdag-oggend was dit fliektyd vir die Huppel Trippelaars. Die reuk van varsgemaakte springmielies het in die rooi sitkamer gehang; terwyl koeldrank en 'n *swietie* die prentjie voltooi het. Almal het in verwondering gekyk na die prag van die koraallewe in Australië. Oor twee weke, op 23 September, is daar 'n gans ander program. Dan gaan elkeen wat lus is, 'n Lyndans-klas bywoon. Dit beloof om groot sports te wees. Sien jou daar!


## RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2025 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 13 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 4 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 7 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22




# Pitstop vir Jesus



Pitstop vir Jesus het die 6de September 'n besonderse byeenkoms gehad. 'n Pitstop wat spesiaal vir die kinders was, maar wel ook vir ons as volwassenes 'n mooi boodskap gebring het. Riana Mouton en Krokkie was ons sprekers vir die byeenkoms. Hulle het sowaar 'n glimlag op elke persoon se gesig gesit. Die kinders het natuurlik vir Krokkie vreeslik geniet. Daar was vir elkeen 'n heerlike worsbroodjie en baie lekker nagereg.

Die volgende Pitstop vir Jesus is die 11de Oktober 2025, weer by NG Kerk Suid saal. Danie Lodder gaan die spreker wees. Almal is welkom en natuurlik is die toegang gratis en daar sal ook 'n gratis ete wees. Pitstop vir Jesus, gee alles of niks! Ons wil 'n verskil maak in ons gemeenskap. Kom kuier saam met ons en vind uit waaroor Pitstop vir Jesus gaan.



# Hoërskool Heilbron Landloop

*Marizaan Swanepoel en Caydiano Nteo het die afgelope naweek aan die SA Landloopkampioenskappe te Middelburg deelgeneem. Ons 2 langasems het te midde van baie sterk kompetisie baie goed gevaar. Caydiano eindig 46ste en Marizaan eindig 62ste in Suid Afrika. Ons is baie trots op julle twee!*

# Wêreld-Selfmoord-voorkomingsdag

Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo ya kamehla

## *Hoop en Bewusmaking*



Op 10 September word Wêreld-Selfmoordvoorkomingsdag wêreldwyd herdenk. Die dag fokus op die voorkoming van selfmoord, die bevordering van geestesgesondheid en die ondersteuning van mense wat swaar dra.

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) sterf jaarliks sowat 700 000 mense aan selfmoord – ongeveer een persoon elke 40 sekondes. Selfmoord raak alle ouderdomme, geslagte en sosiale klasse, en sy impak strek verder as die individu na families, vriende en gemeenskappe.

**Oorsake van selfmoord**

Selfmoord is dikwels die gevolg van 'n kombinasie van faktore, insluitend:

Geestesgesondheidstoestande soos depressie, angs of bipolêre versteuring.

Persoonlike of sosiale druk soos verlies van werk, egskeiding of finansiële probleme.

Traumatiese ervarings soos misbruik, verwaarlosing of verlies van 'n geliefde.

Maatskaplike isolasie en 'n gebrek aan ondersteuningsnetwerke.

**Waarskuwingstekens**

Kenners waarsku dat mense wat selfmoord oorweeg dikwels tekens wys, insluitend:

Terugtrek uit vriende of familie.

Uitspraak van hopeloosheid of selfhaat.

Ongewone gedrag of skielike verandering in stemming.

Selfbesering of praat van dood en selfmoord.

**Wat kan gemeenskappe en individue doen?**

Luister sonder oordeel.

Moedig oop gesprekke oor geestesgesondheid aan.

Help mense om professionele ondersteuning te kry.

Wees bedag op jou eie emosionele welstand; om ander te help, beteken ook om jouself te versorg.

Soos een maatskaplike werker sê: "Om te luister kan hoop bring waar daar net stilte was."

**Hulpbronne in Suid-Afrika:**


SADAG 24-uur hulplyn: 0800 567 567

SMS "HELP" na 31393

Op hierdie dag word almal herinner dat dit moed verg om hulp te vra, en daardie moed kan lewens red. Saam kan ons hoop, ondersteuning en begrip bring aan dié wat dit die nodigste het.








Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald asook skryfbehoeftes en kommersiële drukwerk kontak gerus vir *Antonio Pienaar* by die **Heilbron Herald 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**

# Riemland-museum ontvang die nuwe Kruger-standbeeld op toer in Heilbron

Riemland-museum ontvang die nuwe Kruger-standbeeld op toer in Heilbron

'n Ewebeeld van die Paul Kruger-standbeeld wat op Kerkplein in Pretoria staan, vertrek binnekort vanaf die Voortrekkermonument in Pretoria na Orania, en sal op Dinsdag 30 September in Heilbron aandoen. Dié inisiatief word deur die FAK in samewerking met verskeie vennote gedryf en vorm deel van die 200ste herdenking van Kruger se geboorte op 10 Oktober 1825.

Mense van Heilbron gaan die geleentheid hê om die standbeeld van naby te besigtig, foto's te neem én 'n unieke opvoering genaamd Kruger breek die pad oop, 'n toneelstuk deur NP van Wyk Louw, later die dag op die Vegkop-slagveldterrein te geniet.

Kruger se ewebeeld arriveer op 30 September om 10:00 by die Riemland-museum. Die program sluit verskeie aktiwiteite in:

• Hoogtepunt 1 – Die Museum verwelkom Oom Paul

• Hoogtepunt 2 – Die Kruger-standbeeld word regop getel op die vragmotor vir foto's


• Hoogtepunt 3 – Die Riemland-museum se geskiedeniskenner neem die toergeselskap deur die Museum en wys al die uitstallings

Tydens al die hoogtepunte kan inwoners van Heilbron en die Riemland-distrik lootjies koop vir 'n veiling wat die middag by Vegkop plaasvind. Twee besonderse tiekies sal as pryse gewen kan word. Die een is van ons geliefde Paul Kruger (1895) en die ander een van koningin Victoria (1901). Hoekom is hierdie munte so spesiaal? Hulle is deur lede van die Riemland Relic Protectors-metaalverklikkers hier in Heilbron uit die grond gehaal!

"Hierdie gebeurtenis is 'n hoogtepunt op ons kalender hierdie jaar omdat ons nie net die geleentheid in ons geskiedenis herdenk nie, maar ook die FAK as organisasie sal ondersteun om 'n nuwe generasie te inspireer," sê mnr. Lanzo Soothill, Kurator van die Museum.

Die publiek word vriendelik uitgenooi om hierdie unieke dag saam met ons te kom geniet. Toegang is gratis maar enige donasies sal aanvaar word. Elke donasie van R20 word in die "hoed" geplaas vir die lootjietrekking van die twee tiekies by Vegkop.


**Kontak vir medianavrae:**
Danie Knoetze, ondervoorsitter: Riemland-museum
082 974 0055
E-pos: riemlandmuseum@gmail.com



*Kruger trek na Orania padkaart.*



*Jacques Muller - Beeldhouer van die nuwe Krugerbeeld tydens die maak van die beeld.*



*3D voorstelling van argitek.*




## Program

**DI. 23 SEPTEMBER – PRETORIA**
Reisdag van Orania tot Pretoria

**WO. 24 SEPTEMBER – VTM PRETORIA** (Voortrekkermonument)

| | |
|---|---|
| 10:00 | Toneel - Kruger breek die pad oop (Kruger-galery) |
| 12:00 | Toneel - Kruger breek die pad oop (Kruger-galery) |
| 14:00 | Kruger trek na Orania: Boodskap deur Danie Langner |
| 14:30 | Beeld vertrek by VTM Pretoria Besoek die beeld op Kerkplein Keer terug en slaap by VTM |

**DO. 25 SEPTEMBER – RUSTENBURG** – TOTAAL: 170KM (Kedar Lodge; NG Moedergemeente)

| | |
|---|---|
| 09:00 | Boekenhoutsfontein (Kedar Lodge) |
| 09:30 | Opening |
| 09:40 | Begeleide toer |
| 16:00 | NG Moedergemeente |
| 16:30 | Opening |
| 16:40 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 16:50 | Sertifikaatoorhandiging |
| 17:00 | Kranslegging |
| 17:10 | Beweeg na saal |
| 17:30 | Toneel – Kruger breek die pad oop |
| 18:30 | Koffie en tee |

**VR. 26 SEPTEMBER – POTCHEFSTROOM** – TOTAAL: 145KM (NHKA Gemeente Potchefstroom)

| | |
|---|---|
| 11:00 | President Pretorius-museum Besoek museum |
| 12:30 | LS Mooirivier kom uit |
| 14:00 | Beweeg na Hervormde Kerk |
| 17:30 | Opening |
| 17:40 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 17:50 | Sertifikaatoorhandiging |
| 18:00 | Toneel: Kruger breek die pad oop |
| 19:00 | Bring en braai |

**SA. 27 SEPTEMBER – KRUGERSDORP** – TOTAAL: 110KM (Paardekraal-Geloftefeesterrein)

| | |
|---|---|
| 08:30 | Krugerbeeld by Krugersdorp se Paul Kruger-standbeeld |
| 09:10 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 09:20 | Sertifikaatoorhandiging |
| 09:30 | Kranslegging |
| 10:00 | Beeld vertrek na Heidelberg |

**SA. 27 SEPTEMBER – HEIDELBERG** – TOTAAL: 90KM (Laerskool AG Visser)

| | |
|---|---|
| 15:00 | Opening |
| 15:10 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 15:20 | Sertifikaatoorhandiging |
| 15:30 | Toneel |
| 17:00 | Vertrek na Udolpho |

**SO. 28 SEPTEMBER – PARYS (UDOLPHO)** – TOTAAL: 112KM
Rusdag op Udolpho

**MA. 29 SEPTEMBER – VEREENIGING** – TOTAAL: 60KM (Vredesonderhandelingsterrein)

| | |
|---|---|
| 10:00 | Opening |
| 10:10 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 10:20 | Vaaldriehoek Kultuurnetwerk se Lewende geskiedenis-optrede |
| 11:00 | Sertifikaatoorhandiging |
| 11:10 | Koffie en tee |
| 11:30 | Vertrek na Vryheidsmonument |

**MA. 29 SEPTEMBER – PARYS (UDOLPHO)** – TOTAAL: 60KM (Udolpho)

| | |
|---|---|
| 18:00 | Opening en Deo Gloria kooroptrede |
| 18:20 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 18:30 | Sertifikaatoorhandiging |
| 18:40 | Toneel: Kruger breek die pad oop |
| 20:40 | Koffie en tee |

**DI. 30 SEPTEMBER – VEGKOP (HEILBRON)** – TOTAAL: 220KM (Vegkop)

| | |
|---|---|
| 09:00 | Vertrek na Vegkop |
| 12:00 | Arriveer en verken |
| 18:00 | Opening |
| 18:10 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 18:20 | Sertifikaatoorhandiging |
| 18:30 | Kranslegging |
| 18:40 | Toneel: Kruger breek die pad oop |
| 19:40 | Koffie en tee |

**WO. 1 OKTOBER – BLOEMFONTEIN** – TOTAAL: 314KM (Vrouemonument; CVO Dankbaar-skoolsaal)

| | |
|---|---|
| 08:30 | Vrouemonument |
| 09:00 | Opening |
| 09:10 | Toespraak: Kruger in konteks (Prof. Andries Raath) |
| 10:00 | Sertifikaatoorhandiging |
| 10:10 | Kranslegging |
| 12:00 | Toneel – CVO Dankbaar-skoolsaal |
| 14:00 | Toneel vertrek na Kimberley |

**WO. 1 OKTOBER – KIMBERLEY** – TOTAAL: 164KM (NG Kerk Bakenskop)

| | |
|---|---|
| 17:00 | NG Kerk Bakenskop |
| 18:00 | Opening |
| 18:10 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 18:20 | Sertifikaatoorhandiging |
| 18:30 | Toneel: Kruger breek die pad oop |
| 20:30 | Koffie en tee |

**DO. 2 OKTOBER – ORANIA** – TOTAAL: 160KM (Orania)


| | |
|---|---|
| 07:30 | Orania ontvang die beeld (grondpad tussen die nuwe werksgebou en die servituutpad wat verby Wilco gaan) **Staan erewag as die beeld ingery kom** |
| 12:00 | Toneel: Kruger breek die pad oop (skole se kinders kyk dit gratis) |

**VR. 3 OKTOBER – ORANIA** (Gemeenskapsaal)


| | |
|---|---|
| 18:30 | Opening |
| 18:40 | Toespraak: Kruger in konteks |
| 18:50 | Sertifikaatoorhandiging |
| 19:00 | Toneel: Kruger breek die pad oop |

**VR. 10 OKTOBER – ORANIA** (Orania)
**Amptelike onthulling van die Krugermonument**
(Verdere kommunikasie sal binnekort gedeel word.)

*Kruger trek na Orania, program.*



*Orania stadsplein.*



*Tiekies van Paul Kruger en koningin Victoria.*

# KENNISGEWINGS

## BOEDELKENNISGEWING

In die boedel van wyle
**JOHANNES JACOBUS BOTES**
Boedel nr 005745/2025
Meesterskantoor
**MEESTER BLOEMFONTEIN**
Identiteitsnommer
**420703 5011 086**
Sterfdatum
**10 Julie 2025**
Geboortedatum
**1942/07/03**
Laaste adres
**Langmarkstraat Nr 1, Heilbron, 9650 Vrystaat**
Krediteure en debiteure in bogemelde boedel word hiermee versoek om hul vorderings in te lewer en hul skulde te betaal by die ondergenoemde adres binne 'n tydperk van 30 (dertig) dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing.
**ADRES:**
**DE VILLIERS PROKUREURS, OLYMPUSWEG 91A, PENTAGONPARK, BLOEMFONTEIN**
**TEL: (051) 023 0251**
**E-POS: hettie@dvprok.co.za**
**ME H. DE VILLIERS-CHOWLES**
**DE VILLIERS PROKUREURS**
**OLYMPUSWEG 91A**
**PENTAGONPARK**
**BLOEMFONTEIN**
**BOT12/0001**

---

## KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle
**JAN HARM LABUSCHAGNE,**
Identiteitsnommer 560507 5023 086, Ongetroud, woonagtig was te Plaas Carelsrust, Reitz, provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 31 Julie 2025, boedelnommer 006154/2025.
Krediteure in genoemde boedel word hiermee aangesê om binne 'n tydperk van 30(dertig) dae hul eise teen die boedel in te stel en debiteure word versoek om hul skulde binne genoemde tyd te betaal.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33, POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS


Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T6043/1972** gepasseer deur **MARIA MARTHA WESSELS** (gebore Janse van Rensburg op 25 Augustus 1915) getroud buite gemeenskap van goedere met Johannes Mattheus Wessels (Huweliksvoorwaardekontrak No. 4218/35 mmu), BLANKE GROEP ten gunste van SPRUITJIE LANDGOED (EIENDOMS) BEPERK (No.72/00229), BLANKE GROEP ten aansien van 1. SEKERE Onderverdeling 1 van die Plaas WAAGSTUK Nr. 455, geleë in die distrik REITZ en 2. SEKERE plaas BERGENDAL Nr. 711, geleë in die distrik REITZ wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 8ste dag van September 2025.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

---

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **6055/2025**
Surname: **Kritzinger**
First Names:
**Johannes Hermanus Jacobus**
Date of Birth: **1943-04-07**
ID Number: **430407 5020 083**
Last Address: **Portion 154 of the Farm Vaaldam Settlement Nr 1777 Heilbron, Free State**
Date of Death: **2025-07-09**
Master's Office: **Heilbron**
First Names of Surviving Spouse:
**Johanna Susanna**
Surname of Surviving Spouse: **Kritzinger**
Date of Birth of Surviving Spouse:
**1948-05-08**
ID Number of Surviving Spouse:
**480508 0048 083**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Karen Gerber** Address of Executor or Authorised Agent:
**Capri Building**
**Delmondo Office Park**
**169 Garsfontein Road**
**Ashlea Gardens**
**Pretoria, 0071**
Period allowed for lodgement of claims:
**30 days**
**ADVERTISER NAME:**
**K GERBER ATTORNEYS**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**8CAPRI BUILDING, DELMONDO OFFICE PARK, 169 GARSFONTEIN ROAD, ASHLEA GARDENS, PRETORIA, 0071**
**ADVERTISER E-MAIL:**
**karen@kgerber.co.za**
**Date submitted: 2025-09-03**
**Advertiser Telephone: 084 505 6369**
**Publication in the Government Gazette on: 2025-09-12**




HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Sonja Muller 081 849 1877

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T6044/1972** gepasseer deur **MARIA MARTHA WESSELS** (gebore Janse van Rensburg op 25 Augustus 1915) getroud buite gemeenskap van goedere met JOHANNES MATTHEUS WESSELS (Huweliksvoorwaardekontrak No. 4218/35 maritale mag uitgesluit), BLANKE GROEP ten gunste van SPRUITJIE LANDGOED (EIENDOMS) BEPERK (No.72/00229), BLANKE GROEP ten aansien van 1. SEKERE Resterende gedeelte van die Plaas WAAGSTUK Nr. 455 van die plaas Spruitjie No.198, geleë in die distrik REITZ wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 8ste dag van September 2025.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

---

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die Boedel van Wyle Ryno Jan Viljoen
**Identiteitsnommer:** 590305 5032 08 0
Van: Raubenheimerstraat 111, Heilbron
**Wie oorlede is op:** 2 Augustus 2025
**BOEDELNOMMER: 005977/2025**
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPVDM/NE**
**TEL: 058 852 2041**
**E-POS: merlaw@phillaw.co.za**

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.
Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

# SMALLS

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD Sport

# HEILBRON POSDUIF KLUB

Die Heilbron Posduif Klub het die afgelope naweek Saterdag, aan die Aberdeen Ope deelgeneem waar hulle sukses gehad het. Hierdie keer met 6 senior lede en 64 duiwe wat vanaf Aberdeen na Heilbron vlieg. Vir die naweek was die weersomstandighede baie mooi met geen opletbare winde wat heers nie.

Met die eerste wedvlug vertrek die duiwe stiptelik om 06h40 vanaf Aberdeen, waar die wenduif van OJS Hokke om 17:40:12 in Heilbron arriveer. Die tweedeplekduif, ook van OJS Hokke, arriveer met 'n marge van 1:14:26 na die eerste een. Die duiwe se netto vliegtyd was 10 ure 55 minute en 12 sekondes.

Top uitslae is as volg:

1. OJS Hokke
2. OJS Hokke
3. Zenith Lofts
4. Peet van Zyl
5. Cilliers en van Vuuren
6. Cilliers en van Vuuren
7. OJS Hokke
8. Zenith Lofts
9. Zenith Lofts
10. OJS Hokke

Wedvlug 2 is die duiwe stiptelik om 07h15 die Saterdagoggend vrygelaat, ook onder mooi weersomstandighede met byna geen wind. Die wenduif van Peet van Zyl klok die volgendeoggend om 6:38:42 in Heilbron aan. Tweedeplek gaan na die duif van OJS Hokke met 'n marge van 24 minute en 39 sekondes agter die eerste landing. Netto vliegtyd was 11:50:43.

Top uitslae is as volg:

1. Peet van Zyl
2. OJS Hokke
3. OJS Hokke
4. OJS Hokke
5. OJS Hokke
6. Cilliers en Van Vuuren
7. OJS Hokke
8. Peet van Zyl
9. Cilliers en Van Vuuren
10. Cilliers en Van Vuuren

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491



BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

WINKEL-URE
Maandae tot Donderdae:
07:30 - 17:00
Vrydae:
07:30 - 16:30
Saterdae:
08:30 - 13:00
Herald Office National
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

VOLGENDE HEILBRON VEILING:
WOENSDAG, 24 SEPTEMBER 2025
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 15 SEPTEMBER 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
HENDRINA: STEINBERG BEEFMASTERS PRODUKSIEVEILING
11:00, Mooiplaas
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
DINSDAG - 16 SEPTEMBER 2025
uDUMBE Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
HEILBRON: BENJAMIN BOERDERY
Uitverkoping/verhuring van plase
Skape en beeste
11:00, plaas Benjamin
Kontak Jan Mostert 083 8408
WOENSDAG - 17 SEPTEMBER 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
HEILBRON: BENJAMIN BOERDERY
Trekkers en implemente
11:00, plaas Benjamin
Kontak Jan Mostert 083 8408
VOLKSRUST: DUBBEL X SAVM STOET
11:00, Battlefields Lodge
Kontak Boetjan vd Wath 072 626 9242
DONDERDAG - 18 SEPTEMBER 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
ABERFELDY Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
VRYDAG - 19 SEPTEMBER 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
SATERDAG - 20 SEPTEMBER 2025
FOURIESBURG: BOSIU BORANE
11:00, Klein Thaba Bosigo
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za